



# My 3de Bybel
# Doen en Leer
# Boek





www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

Leer lees en skryf! 3
Geletterdheidsprogram

**My 3de Bybel Doen en Leer Boek**

Afrikaanse Geletterdheidsprogram
Eerste digitale uitgawe 2020

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Illustrasies © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1985
Illustrasies deur Annie Vallotton

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder skriftelike verlof van die kopiereghouer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting.

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika,
Posbus 5500, Tygervallei 7536, Bellville

www.bybelgenootskap.co.za

Epub-formaat ISBN 978-0-7982-2394-2
PDF-formaat ISBN 978-0-7982-2393-5

bybelgenootskap
van suid-afrika

200
1820 – 2020



# Die geboorte van Jesus

Josef en Maria moes van Nasaret
na Betlehem toe gaan.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Toe hulle in Betlehem kom,
was daar nie plek vir hulle
in die herberg nie.

In Betlehem het Maria
'n babaseuntjie gekry.

Sy het Hom in doeke
toegedraai en in 'n
krip neergelê.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Daar was skaapwagters
wat in die oop veld gebly het.

In die nag het hulle
oor hulle skape
wag gehou.



Meteens staan daar
'n engel by die
herders.

'n Helder lig het
rondom hulle geskyn
en hulle het baie
groot geskrik.

Toe sê die engel vir hulle:

"Moenie bang wees nie.

Ek bring vir julle 'n goeie boodskap.

Julle sal 'n kindjie kry

wat in doeke toegedraai is.



Jesus is vandag in Betlehem gebore.

Hy lê in 'n krip."

Hy is die Here.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

*Eer aan God! Eer aan God!*

*Eer aan God! Eer aan God!*



Skielik was daar 'n klomp engele
uit die hemel.

Hulle sing:
"Eer aan God in die hemel.
Vrede op aarde vir die mense
vir wie die Here liefhet."

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Toe het die engele weggegaan na
die hemel toe.



Die herders sê vir mekaar:
"Kom ons gaan reguit Betlehem toe
om te sien wat gebeur het."

Hulle gaan toe en kry
vir Maria en Josef en die
Kindjie wat in die krip lê.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Sterrekykers het vir Jesus kom soek.

Hulle het baie ver uit
die ooste gekom.

Die ster het hulle gehelp
om vir Jesus te kry.





Die ster het gaan staan
bo die plek waar die Kindjie was.

Die sterrekykers was baie bly
toe hulle die ster sien.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Die sterrekykers het in die huis ingegaan en die Kindjie saam met sy moeder gekry.

Hulle het gekniel.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Toe gee hulle vir die Kindjie presente.

Dit was goud, wierook en mirre.



## Woordmengelmoes

Ontsyfer die woorde langs elke prentjie.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| n | e | l | g | e |
| | n | | | |



| | | | |
|---|---|---|---|
| e | t | r | s |
| | | e | |



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| e | s | j | s | u |
| | | s | | |

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

# Getalleblok

Vul die ontbrekende getalle in elke blokkie in.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | + | 1 | = | |
| + | | + | | + |
| 2 | + | 3 | = | |
| = | | = | | = |
| | + | | = | |


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3 | − | 1 | = | |
| 2 | − | | = | 0 |
| | + | 2 | = | 6 |

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



# Jesus by die troue

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020




Daar was 'n troue
in die dorpie Kana.

Jesus en sy dissipels is ook
na die troue toe genooi.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020


Die moeder van Jesus
was ook daar.





Maar toe het die wyn opgeraak.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020




Jesus se moeder sê vir Hom:
"Hulle het nie meer wyn nie."

Maar Jesus sê vir haar:
"Waarom sê u dit vir My?
My tyd het nog nie gekom nie."



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Sy moeder sê toe vir die kelners:
"Wat Hy ook al vir julle sê,
moet julle doen."





Daar het ses klipkanne vir
water gestaan.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020




Jesus sê toe vir die kelners:
"Maak die kanne vol water."

Hulle het dit tot bo toe volgemaak.

Toe sê Jesus vir die kelners:
"Skep nou daarvan uit
en gaan gee dit
vir die seremoniemeester."

Hulle het dit gedoen.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Die seremoniemeester
het die water geproe
wat wyn geword het.


Hy het nie geweet waar
dit vandaan gekom
het nie.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Die seremoniemeester
roep toe die bruidegom
en sê vir hom:

“’n Mens sit gewoonlik eers
die goeie wyn voor.



Maar jy het die goeie wyn
tot nou toe teruggehou.”

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020


Hierdie eerste wonderteken
het Jesus in Kana gedoen.

Nou het sy dissipels in Hom geglo.



## Blokkiesraaisel

Voltooi die blokkiesraaisel deur elke prentjie by die getal te pas.




1. 
2. 
3. 
4. 

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

# Waar-of-Vals-Speletjie

Is die volgende stellings waar of vals?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2 | > | 3 | ☐ waar | ☐ vals |
| 4 | < | 7 | ☐ waar | ☐ vals |
| 5 | > | 1 | ☐ waar | ☐ vals |
| 6 | < | 8 | ☐ waar | ☐ vals |
| 10 | = | 5 + 5 | ☐ waar | ☐ vals |
| 1 + 2 | > | 4 | ☐ waar | ☐ vals |
| 6 + 2 | = | 4 + 4 | ☐ waar | ☐ vals |
| 3 - 0 | = | 3 | ☐ waar | ☐ vals |
| 4 + 3 | < | 6 | ☐ waar | ☐ vals |


© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



# Die barmhartige Samaritaan

Eendag praat Jesus weer
met die mense.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



'n Man vra vir Jesus:

"Wie is my naaste?"

Hy vertel toe 'n storie.

'n Man was eenmaal op pad.





Rowers het hom aangeval.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Hulle het hom uitgetrek
en hom geslaan.

Die man het halfdood bly lê.

Toe het die rowers padgegee.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Toe kom daar 'n priester
met daardie pad langs.

Toe hy die man sien,
gaan hy ver langs verby.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Net so het 'n man
wat in die
tempel werk,
by die plek gekom.




Toe hy die man sien
wat halfdood daar lê,
gaan hy ook ver langs verby.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

'n Man van die land
Samaria wat op reis
was, het ook daar
verbygekom.





Toe hy die man sien
wat deur die rowers
aangeval is, het hy
hom baie jammer gekry.

Hy het na hom toe gegaan.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Hy het sy wonde behandel
en hulle verbind.

Toe het hy die man
op sy rydier gehelp.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Hy het die man
na ’n herberg geneem.

Daar in die herberg
het hy die man
verder versorg.





© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Die volgende dag haal hy
twee muntstukke uit.

Hy gee dit aan die
eienaar van die
herberg en sê:
“Sorg vir hom.
As jy meer onkoste
met hom het, sal ek
jou betaal wanneer ek
hierlangs terugkom.”

Jesus het die storie klaar vertel.

Hy vra toe:

"Wie was nou die naaste van die man wat deur die rowers geslaan is?"

"Die een wat vir hom jammer was," antwoord die man.

"Jy moet dieselfde doen," sê Jesus.



# Vind die Woorde

Vind die woorde op die lys en een versteekte woord.

- hulp
- samaritaan
- muntstukke
- klere
- rowers
- pad
- priester
- donkie

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| w | e | r | s | t | e | m | u | l | p | y |
| v | t | e | r | i | y | u | a | t | d | j |
| j | y | u | l | b | e | n | d | s | o | k |
| s | a | m | a | r | i | t | a | a | n | k |
| t | e | v | u | l | b | s | i | e | k | e |
| m | p | r | i | e | s | t | e | r | i | o |
| n | e | p | e | i | r | u | r | e | e | j |
| u | v | u | a | j | i | k | l | e | r | e |
| h | u | l | p | e | a | k | m | a | r | s |
| u | d | u | a | r | i | e | i | e | s | u |
| t | a | a | d | n | r | o | w | e | r | s |

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

# Gemengde Vermenigvuldiging

Beantwoord al die vermenigvuldigingsomme hieronder.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | × | 2 | = | 2 |
| 2 | × | 3 | = | |
| 3 | × | 1 | = | |
| 2 | × | 4 | = | |
| 5 | × | 2 | = | |
| 3 | × | 3 | = | |
| 2 | × | 6 | = | |
| 3 | × | 4 | = | |

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



# Jesus maak die storm stil

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Jesus het in 'n skuit geklim.

Sy dissipels is ook in die skuit.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Hulle gaan na die oorkant
van die meer toe.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Jesus het agter in die
skuit gelê en slaap.

Skielik het daar 'n sterk
wind begin waai.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Die golwe het in die skuit geslaan,
en die skuit het
begin vol word.

Maar Jesus het nog geslaap.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020


Die dissipels kom toe
en maak vir Jesus wakker.

Hulle sê: "Here, help ons!
Die skuit word vol water.
Ons sal verdrink."



Jesus sê:
"Waarom is julle bang?
Ek is mos by julle."

Daarna het Jesus opgestaan.




© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Hy het hard met die wind
en die see gepraat.


Hy sê:
"Hou op! Word stil!"





En dit het doodstil geword.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020




Die mense is verskrik
en verbaas.

Hulle sê vir mekaar:
"Wie is Jesus tog?
Die wind en die see
doen wat Hy sê."

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Daarna het hulle verder geseil.



# Voltooi die Woorde

Vul die ontbrekende woorde in om die storie te voltooi.

1. Jesus het in 'n [ ] [k] [ ] [ ] [ ] geklim
2. Hulle het oor 'n [ ] [e] [ ] [ ] gevaar
3. Jesus was nie wakker nie, hy het nog [g] [ ] [ ] [l] [ ] [ ] [ ]
4. Daar was 'n groot [ ] [t] [ ] [ ] [m]
5. Die skuit sou [s] [ ] [ ] [ ]
6. Jesus het vir die wind en die [ ] [ ] [ ] gesê om op te hou
7. Toe het die storm [ ] [ ] [d] [ ] [ ] [ ]

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

# 2 3 Vind die Formule

Hoe kom jy by die antwoorde hieronder uit?

- 8
- 14
- 12
- 6
- 9
- 11

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 7 | + | 12 | − | 9 |
| + | 4 | ÷ | 5 | + |
| 7 | × | 2 | × | 4 |
| − | 3 | × | 3 | + |
| 6 | + | 5 | ÷ | 6 |

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



# Saggeus

Daar was 'n
man met die
naam Saggeus.

Almal het hom
geken.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Saggeus was 'n ryk man
wat in Jerigo gewoon het.

Die mense het nie van hom gehou nie,
want hy het die belastings
bymekaargemaak.

Mense het vir Saggeus
geld gebring.

Die geld was vir die regering.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Eendag het Jesus in
Jerigo gekom.

Saggeus het daar gebly.

Saggeus het
probeer om vir
Jesus te sien.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Saggeus hardloop toe vooruit tot by 'n boom.



Maar daar was te veel mense. Saggeus kon nie vir Jesus sien nie omdat hy te kort was.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Hy klim in die boom

om Jesus te kan sien.



Toe Jesus by die plek kom,

kyk Hy op.



Jesus sê:

"Saggeus, kom gou af.

Ek moet vandag in jou huis

tuis gaan."

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Saggeus het
vinnig afgeklim.

Toe neem hy Jesus
na sy huis toe.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Saggeus was
baie bly.



Almal wat dit gesien het,
is kwaad.

Hulle sê:
"Jesus gaan by
'n slegte man tuis!"



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020


Saggeus het opgestaan
en gesê:

"Here, ek gaan die helfte van
my goed vir die armes gee.



As ek te veel van iemand gekry het,
gee ek vir hom vier keer soveel terug."

Jesus sê:
"Vandag is alles weer reg in
hierdie huis.
Ek het gekom om verlore
mense te soek."



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Hoe gelukkig voel Saggeus nou!



## Vind die Fout

Vind en omkring die spelfoute in die woorde hieronder.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| h | a | a | d | l | o | o | p |
| a | g | g | e | k | l | i | m |
| s | o | v | e | i | l | | |
| v | a | n | d | a | r | | |
| m | e | m | s | e | | | |
| g | e | l | t | | | | |
| h | e | i | s | | | | |
| y | e | r | i | g | o | | |



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

# Tel die Muntstukke

Help Saggeus om sy muntstukke te tel.



1c + 2c + 5c = ____

2c + 5c + 10c = ____

1c 1c 1c + 5c + 20c = ____

2c 2c + 5c 5c + 10c 10c = ____

1c 1c + 5c + 10c + 50c = ____

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



# Jesus leef!

Jesus en sy dissipels
is in ’n tuin.

Jesus bid: “My Vader,
doen soos U wil.”



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Daar kom Judas. Hy lei mense
met swaarde en stokke.

Hulle gryp Jesus
en lei hom weg
na die hoëpriester toe.


Die hoëpriester vra vir Jesus:
"Is jy die Seun van God?"
Jesus antwoord: "Ek is."

Die hoëpriester vra toe
vir die raadslede:
"Wat moet ons
met Jesus doen?"

Die mense het geantwoord:
"Kruisig hom!"



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020





Die soldate spot
met Jesus en
sit vir Hom 'n
doringkroon op.

Hulle neem Jesus weg
na Pilatus toe
wat Hom aan soldate
oorgelewer het.

Hulle bring Jesus toe
na 'n plek met die
naam Golgota.

Golgota beteken Kopbeenplek.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Die soldate het Jesus aan 'n kruis
opgehang.



By die kruis staan Maria,
Jesus se moeder.

Sy staan naby Johannes,
die dissipel vir wie Jesus baie lief was.

Jesus sê vir Maria:
"Daar is u seun."

Hy sê vir Johannes:
"Daar is jou moeder."

Toe het Johannes
vir Maria na sy
huis toe geneem.



Jesus het hard
uitgeroep.
Toe het Hy sy laaste
asem uitgeblaas.


© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Hulle het Jesus van
die kruis afgehaal.

Toe het hulle hom in
'n tuin begrawe.

Het hulle 'n groot klip
voor die graf gerol.



Sondagmôre kom daar vroue
by die graf.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Hulle sien die klip is weggerol.

Jesus se liggaam is nie
daar nie!

'n Engel uit die hemel
sê vir die vroue:
"Jesus is nie meer dood nie.
Gaan sê vir sy dissipels."



Op dieselfde dag loop twee mans
na die dorpie Emmaus.

Hulle praat oor alles
wat gebeur het.

Hulle is baie hartseer.

Toe het Jesus self nader
gekom en saam met
hulle geloop.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020





Hy vertel hulle dat Hy moes doodgaan.

Toe het hulle by die dorpie aangekom.

Die mans sê vir Jesus:
"Bly by ons."

Jesus het ingegaan en saam
met hulle aan die tafel gaan sit.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020



Toe Jesus dankie sê vir die brood,
weet die mans dit is Hy,
maar toe
verdwyn Hy skielik.

Die mans het dadelik na
Jerusalem toe teruggegaan.

Hulle vertel wat op die pad
gebeur het.

Hulle sê hulle het Jesus self gesien.



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

Die twee mans vertel vir hulle vriende
dat hulle Jesus gesien het.

Toe staan Jesus meteens
daar tussen hulle.

Jesus sê toe vir hulle:
"Dit is Ek self."



Nou is hulle baie bly.

Hulle weet Jesus leef!

## a b Ontsyfer die Kode

Elke klank is aan 'n getal gekoppel. Kan jy die kode hieronder ontsyfer?

| 4 | 9 | 19 | 19 | 9 | 16 | 5 | 12 | 19 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
|  | i |  |  |  |  | e |  |  |

| 19 | 15 | 12 | 4 | 1 | 20 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
|  |  |  |  |  |  |  |

| 2 | 5 | 7 | 18 | 1 | 23 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
|  |  |  |  |  |  |  |

| 11 | 18 | 21 | 9 | 19 |
|---|---|---|---|---|
|  |  |  |  |  |


| a | b | c | d | e | f | g | h | i | j | k | l | m |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |

| n | o | p | q | r | s | t | u | v | w | x | y | z |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

# Veelvuldige Foute

Vind en omkring al die getalle wat nie veelvoude van die groter getal is nie.




# Oplossings/Antwoorde

## Woordskommel/Woordmengelmoes:

n e l g e → e n g e l

e t r s → s t e r

e s j s u → j e s u s

## Getalleblok/Getallerooster:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | + | 1 | = | 2 |
| + | | + | | + |
| 2 | + | 3 | = | 5 |
| = | | = | | = |
| 3 | + | 4 | = | 7 |

3 – 1 = 2

2 – 2 = 0

4 + 2 = 6

## Blokkiesraaisel:

1. water
2. kanne
3. kelner
4. wyn

## Waar-of-Vals-Speletjie:

1. vals
2. waar
3. waar
4. waar
5. waar
6. vals
7. waar
8. waar
9. vals

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

# Oplossings/Antwoorde

## Vind die Fout:

h a r d l o o p  a f g e k l i m

s o v p e l  v a n d a g  m e n s e

g e l d  h u i s  j e r i g o

## Tel die Muntstukke:

1c + 2c + 5c = 8c

2c + 5c + 10c = 17c

3c + 5c + 20c = 28c

4c + 10c + 20c = 34c


2c + 5c + 10c + 50c = 67c

## Ontsyfer die Kode:

d i s s i p e l s  s o l d a t e

b e g r a w e  k r u i s

## Veelvuldige Foute:



# Oplossings/Antwoorde

## Vind die Woorde:

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| w | e | r | s | t | e | m | u | l | p | y |
| v | t | e | r | i | y | u | a | t | d | j |
| j | y | u | l | b | e | n | d | s | o | k |
| s | a | m | a | r | i | t | a | a | n | k |
| t | e | v | u | l | b | s | i | e | k | e |
| m | p | r | i | e | s | t | e | r | i | o |
| n | e | p | e | i | r | u | r | e | e | j |
| u | v | u | a | j | | k | l | e | r | e |
| h | u | l | p | e | a | k | m | a | r | s |
| u | d | u | a | r | i | e | i | e | s | u |
| t | a | a | d | n | r | o | w | e | r | s |

## Gemengde Vermenigvuldiging:

1 × 2 = 2

2 × 3 = 6

3 × 1 = 3

2 × 4 = 8

5 × 2 = 10

3 × 3 = 9

2 × 6 = 12

3 × 4 = 12

## Voltooi die Woorde:

1. skuit
2. meer
3. geslaap
4. storm
5. sink
6. see
7. bedaar

## Vind die Formule:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 7 | + | 12 | − | 9 |
| + | 4 | ÷ | 5 | + |
| 7 | × | 2 | × | 4 |
| − | 3 | × | 3 | + |
| 6 | + | 5 | ÷ | 6 |

# Vermenigvuldigingstabelle (1-10)

| 1x | 2x | 3x | 4x | 5x |
|---|---|---|---|---|
| 1 x 1 = 1 | 2 x 1 = 2 | 3 x 1 = 3 | 4 x 1 = 4 | 5 x 1 = 5 |
| 1 x 2 = 2 | 2 x 2 = 4 | 3 x 2 = 6 | 4 x 2 = 8 | 5 x 2 = 10 |
| 1 x 3 = 3 | 2 x 3 = 6 | 3 x 3 = 9 | 4 x 3 = 12 | 5 x 3 = 15 |
| 1 x 4 = 4 | 2 x 4 = 8 | 3 x 4 = 12 | 4 x 4 = 16 | 5 x 4 = 20 |
| 1 x 5 = 5 | 2 x 5 = 10 | 3 x 5 = 15 | 4 x 5 = 20 | 5 x 5 = 25 |
| 1 x 6 = 6 | 2 x 6 = 12 | 3 x 6 = 18 | 4 x 6 = 24 | 5 x 6 = 30 |
| 1 x 7 = 7 | 2 x 7 = 14 | 3 x 7 = 21 | 4 x 7 = 28 | 5 x 7 = 35 |
| 1 x 8 = 8 | 2 x 8 = 16 | 3 x 8 = 24 | 4 x 8 = 32 | 5 x 8 = 40 |
| 1 x 9 = 9 | 2 x 9 = 18 | 3 x 9 = 27 | 4 x 9 = 36 | 5 x 9 = 45 |
| 1 x 10 = 10 | 2 x 10 = 20 | 3 x 10 = 30 | 4 x 10 = 40 | 5 x 10 = 50 |

| 6x | 7x | 8x | 9x | 10x |
|---|---|---|---|---|
| 6 x 1 = 6 | 7 x 1 = 7 | 8 x 1 = 8 | 9 x 1 = 9 | 10 x 1 = 10 |
| 6 x 2 = 12 | 7 x 2 = 14 | 8 x 2 = 16 | 9 x 2 = 18 | 10 x 2 = 20 |
| 6 x 3 = 18 | 7 x 3 = 21 | 8 x 3 = 24 | 9 x 3 = 27 | 10 x 3 = 30 |
| 6 x 4 = 24 | 7 x 4 = 28 | 8 x 4 = 32 | 9 x 4 = 36 | 10 x 4 = 40 |
| 6 x 5 = 30 | 7 x 5 = 35 | 8 x 5 = 40 | 9 x 5 = 45 | 10 x 5 = 50 |
| 6 x 6 = 36 | 7 x 6 = 42 | 8 x 6 = 48 | 9 x 6 = 54 | 10 x 6 = 60 |
| 6 x 7 = 42 | 7 x 7 = 49 | 8 x 7 = 56 | 9 x 7 = 63 | 10 x 7 = 70 |
| 6 x 8 = 48 | 7 x 8 = 56 | 8 x 8 = 64 | 9 x 8 = 72 | 10 x 8 = 80 |
| 6 x 9 = 54 | 7 x 9 = 63 | 8 x 9 = 72 | 9 x 9 = 81 | 10 x 9 = 90 |
| 6 x 10 = 60 | 7 x 10 = 70 | 8 x 10 = 80 | 9 x 10 = 90 | 10 x 10 = 100 |

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020